DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

5 Maart 2023



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

***Eredienste* begin *09:30***

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Markus 10: 17 - 30

**Tema** Ryk, maar eintlik brandarm.

**Sang** Psalm 33: 1, 6
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 119: 11, 22
Psalm 118: 4, 7
Psalm 134: 4
Lied 190: 1, 2, 3

DV volgende week vier ons gemeente die sakrament van die heilige Nagmaal. Is ons werklik voorbereid om die Here te dien soos Hy eis? Mense dink soms dat die hemel net vol "goeie mense" en die hel vol "slegte mense" is. Dan word gevra: Wat kan ek nog doen wat "goed" is, sodat ek God kan beïndruk, óf wat kan ek doen wat tot my voordeel is om in die hemel te kom? En dan dink ek dat wat ek doen belangrik is vir God se besluite oor my. God wil nie iets van jou hê nie, alles behoort aan Hom. God wil jóú hê, Hy wil jou hart hê, Hy wil gehoorsaamheid hê, Hy wil hê dat ons sy wil sal doen. Ons lees van hierdie jongman wat baie ryk was, en wat alles gedoen het wat hy moes, hy het die gebooie onderhou, maar Jesus sê vir hom: "Gaan verkoop alles wat jy het en volg My!" (Mark 10:21).

Dit was vir hom baie swaar. Hy het bedroef weggegaan. Tog het hy na Jesus toe gekom in nederigheid, hy het gehardloop, hy het gebuig voor Jesus, Hy het Hom in eerbied aangespreek en eerlike vrae gevra. Ons lees in Markus 10:21 dat Jesus hom liefgekry het. Maar hierdie versoek van Jesus was te veel vir hom. Hy het bedroef geraak. Hoe kan jy sommer maar alles wat jy het verkoop? Jesus bedoel dat die jongman God nog nie volkome liefgehad het met sy hart en siel en verstand nie. Hy het nog te kort geskied. Sy besittings was vir hom nog te belangrik. Daarom moet ons onthou dat ons goeie werke ons nie in die hemel bring nie. Ons rykdom bring ons nie in die hemel nie. Ons godsdienstige lewe bring ons nie in die hemel nie. **Ons geloof in Jesus Christus as die enigste Verlosser, bring ons in die hemel.**

Jesus Christus was dié volmaakte mens. Jesus Christus was volkome gehoorsaam aan sy hemelse Vader. Jesus Christus het niks op aarde gehad nie. Alhoewel alles aan Hom behoort het, het Hy nie geroem op aardse rykdom nie. Hy het op 'n donkie gery, **maar Hy het altyd die wil van sy Vader gedoen.** Hy het liefgehad tot aan die kruis. Hy het sy dienswerk op aarde volbring. Glo in Jesus Christus as jou enigste weg na die hemel. **Dien God in liefde en in dankbaarheid.** Vra altyd vir genade op genade.

Ryk, maar geestelik eintlik brandarm. Al te dikwels menskinders se probleem. Krap die antwoord van Jesus jóú dalk ook om? Dink mooi. Jou lewe, ryk in God se genade en beloftes, is ter sprake. Die ewige lewe - koninkryk en heerlikheid en ewigheid! Die lewe in volle rykdom en ewigheidsweelde. Is jy gereed om Jesus se antwoord te omvorm in werkwoorde en die ewige lewe te verkry?

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir oom Jan en tannie Sheila Cloete wat beide met hulle gesondheid sukkel. Hy was die afgelope week in die hospitaal, maar is weer tuis.
* Paul vd Merwe ondergaan DV Maandag 'n knievervanging. Ons glo dat die pyn en ongemak dan ook op 'n einde sal wees.
* Ons wens vir CC Barkhuizen baie geluk met sy geloofsbelydenis vandag. Mag die Here jou en Benita seën. Welkom in die gemeente.
* Ons bid ons susters 'n geseënde saamtrek toe. Baie dankie aan almal wat aktief betrokke was by die voorbereiding en volgende Saterdag by die funksie.
* Baie dankie aan almal – groot en klein – wat die katkisasieaksie Vrydag ondersteun het. Dankie vir almal se bydrae. Die katkisasie sluit vandag af vir die kwartaal.
* Onthou om julle name op te skryf vir die Nagmaalete. Ons gaan steak en wors braai. Daar is roomys vir nagereg!!

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 19 Feb 2023

**Diensbeurt: Wyk 10**
**Ouderling: Phillip vd Walt**

**Katkisasie: Hersiening Les 1 - 6**
**Diaken: Reinhardt Weidemann**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**5 Maart 2023**
Retha Grobler
Lacya Grobler
Hilda Hattingh
Magda Heinlein

**12 Maart 2023**
**Geen tee of koffie sal bedien word nie agv die Nagmaal.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Di) 7 Mrt | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 8 Mrt | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Sa) 11 Mrt | 08:00 | *Bolivia Lodge* | Sustersaamtrek |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| (Di) 7 Mrt | JP Coetsee | 14 | D | 079 490 2678 |
| (Vr) 10 Mrt | Mariëtte de Lange | 13 | D | 082 493 4223 |
| (Sa) 11 Mrt | Linelle O'Reilly | 19 | B | 082 048 2413 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Ma) 6 Mrt 2010 | Johann & Anna-Mart Maré | 13 | 081 042 1782<br>082 318 7263 |
| (Vr) 10 Mrt 2001 | Francois & Alta Pretorius | 22 | 074 145 8923<br>071 588 1903 |
| (Sa) 11 Mrt 2007 | Egbert & Tavia Mooi | 16 | 083 310 6266<br>083 310 6277 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Maart 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**5 Maart Teologiese Studente Kas**
**12 Maart Thusofondse**
**19 Maart Deputate Jeugsorg**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Dit gaan goed met die mens vir wie U**
**uitkies en laat naderkom**
**om in u tempel te bly.**
**Laat ons die goeie dinge in u huis**
**in oorvloed geniet,**
**die goeie dinge in u heilige woning.**

**Psalm 65:5**

# KONINGSKINDERSKAMP : GEMEENTE JEUG




Hiermee word u kind uitgenooi na 'n **heerlike vakansiekamp** wat aangebied word deur die **Gereformeerde en AP kerke van Polokwane.** Die kamp vind plaas vanaf **Sondag 26 Maart tot Vrydag 31 Maart 2023 en is vir kinders tussen die ouerdom van 9 en 14 jaar.**

Vir enige navrae en inskrywings **kontak gerus vir Ds Josef Hibbert by 074 172 7297 of Isobel van Wyk by 084 810 8545.**

# SILWERDOPPERS


**Die Silwerdoppers is vanaf 2 tot 5 Mei 2023 in die Kruger Wildtuin.** Hulle sal by Olifants kamp tuisgan.



**Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar** vir die Wildtuin uitstappie en as enige lidmaat nog wil gaan, moet jy nou jou plek bespreek anders sal jy nie kan saam gaan nie.

**Skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905, om jou plek op die jaar se Wildtuin uitstappie te verseker.**

# NAGMAAL



Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 12 Maart 2023 om 09:30 plaasvind.**

Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, daar sal 'n tafel soos voor die Covid tydperk beskikbaar wees.**

Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE

Lidmate wat die **Nagmaalete op 12 Maart 2023** gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.



Daar gaan **heerlike wors en steak gebraai word**.

**Die susters word versoek om soos die gewoonte is met 'n Nagmaalete, asb 'n slaai saam te bring.**

Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.

**ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! !**
**Die susters van blok A is verantwoordelik vir nagereg**
**by die Nagmaalete.**

## BOEREONTBYT

Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 April 2023 vanaf 08:00 tot 11:00 ‘n heerlike boereontbyt aan by die kerk.




Daar gaan **heerlike wors en hoender-lewertjies, pap en eiers , vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**

Lidmate wat die ontbyt gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

**Vir slegs R100.00 per volwassene en R50.00 per laerskool kind** is hierdie voorwaar ‘n winskoop wat nêrens gevind sal word nie.

**ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! ! die datum.**

## KERKRAAD


Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diakens:

***Ouderling:***
**Pieter Nagel en Robert Marriott.**


**Diakens:**
**Jan-Carl Oosthuizen, Nico Swanepoel en Burger Myburgh.**

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

## TROKBEDIENING



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Ps 23 (Vervolg)**
**Gee vir mense Ps23 om hul op te beur.**

**Verkwikking:** **Die Here gee my lig en nuwe krag.**

**Leiding:** **Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil**



## Ps 23

**Vertrou:** **Al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie.**

**Toevlug:** **Want U is met my**

**Vertroosting:** **U stok en staf, die vertroos my**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

Kom ons word 'n biddende gemeente, wie vir mekaar en ander bid.

**Vir wie het jy hierdie week gebid?**

- Is daar iemand wat jy raak gesien het wat jy aan die Here opgedra het.
- Bid vir die een: wat op die hoek staan, wat huil, wat vol hoogmoed is.



## Praat saam....

Fil 4:6
Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend.

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | E-pos : admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Toe Hy uitgaan om sy reis te hervat, hardloop daar iemand na Hom toe, kniel voor Hom en vra Hom: "Goeie Meester, wat moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan erf?"*

*Markus 10: 17*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS